Polisie-verantwoording:
Jou regte wanneer jy met die polisie in Suid-Afrika omgaan

Die polisie is veronderstel om die publiek teen misdaad en geweld te beskerm, maar sommige beamptes is betrokke by onwettige gedrag soos korrupsie, wreedheid en marteling.

Ons vereis dat polisiebeamptes aan hoë standaarde vir goeie gedrag voldoen. Dis is dus noodsaaklik om hierdie polisiebeamptes vir oortredings aanspreeklik te hou.

Hierdie feiteblad is ontwerp deur 'n groep organisasies wat menseregte en geregtigheid vir alle mense beywer, insluitend informele handelaars, studente, immigrante, kleinskaalse (informele) of bestaansmynwerkers en mense wat in informele nedersettings woon. Dit is bedoel om jou te help om polisiebevoegdhede, jou regte wanneer jy polisie teëkom en jou opsies om magsmisbruik deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) aan te meld, te verstaan.

Hierdie feiteblad verskaf inligting oor:

- Wanneer kan die polisie inhegtenisnemings uitvoer?
- Wat gebeur tydens 'n inhegtenisneming?
- Immigrante en asielsoekers – wat sê die wet oor aanhouding en deportering
- Informele handel en verordeninge
- Regte van betogers
- Informele of bestaansmynbou – misbruik en geweld wat aan die hand van die polisie ervaar word
- Wanneer kan die polisie geweld gebruik?
- Watter wapens kan die polisie gebruik?
- Vuurwapenverwante oortredings
- Polisie-korrupsie
- Opneem en aanmeld van onwettige polisie-aktiwiteite
- Polisie-wreedheid in Suid-Afrika
- Polisie-wreedheid teen informele handelaars

Om meer oor die aanmeld van polisiekorrupsie, -brutaliteit en marteling vas te stel, gaan na die "Opname en aanmeld van onwettige polisie-aktiwiteit"-afdeling.

Aantekening en aanmelding van onwettige polisie-aktiwiteite

Die publiek word aangemoedig om onwettige polisie-aktiwiteite soos aanranding of kurrpsie aan te meld.

Teken soveel detail as moontlik aan:

- **Getuies se besonderhede**
- **Datum, tyd en plek**
- **Beskrywing van die voorval**
- **Naam, rang en beskrywing van beamptes**
- **Foto's of videos**
- **Voertuigregistrasie**
- **Inligting oor beserings***

* Indien jy beseer is, moet jou klagte besonderhede van die besering op die Departement van Justisie se J88-vorm insluit, wat deur 'n mediese praktisyn voltooi moet word.

Die Institute for Security Studies en C-19 People's Coalition het bykomende raad beskikbaar vir die aanmelding van onwettige polisie-aktiwiteite.

Meld polisie-wangedrag aan: Onder verskyn 'n lys opsies om gewelddadige optrede, marteling en ander misdade deur veiligheidsmagte, aan te meld:

Ernstige aantygings teen die SA Polisiediens en Metropolisie	Independent Police Investigative Directorate (IPID) 012 399 0000 / complaints@ipid.gov.za
Polisiekorrupsie	SAPS Anti-Corruption Internal Unit 082 828 5778
	SAPS Service Complaints Centre 0800 333 177
Vergrype deur Metropolisie-lede	Teenkorrupsie-hulplyn vir daardie polisie-afdeling
Corruption Watch	0800 023 456 / www.veza.org.za
Gratis regsadvies oor oortredings tydens die Covid-19-inperking	066 076 8845
Western Cape Police Ombudsman The African Policing Civilian Oversight Forum (APCOF) het 'n gids vir die klagteproses ontwikkel	021 483 0669 / ombudsman@wcpo.gov.za
Misdade deur lede van die SA Weermag	South African Military Ombud 012 676 3800 / 080 726 6283 / intake@milombud.org
Onwettige optrede deur die militêre of verkeerspolisie	Meld dit by die naaste polisiekantoor aan
Meld voorvalle van marteling en mishandeling aan	Legal Resources Centre 011 836 9831 / lrc.org.za/stop-torture/
Regsdienste vir openbare belang, wat 'n plek-spesifieke lys organisasies wat gekontak kan word, insluit	www.pils.org.za/contact/

Organisasies soos Viewfinder en C-19 People's Coalition bied nieamptelike platforms om onwettige gedrag deur die SAPD en ander wetstoepassingsagentskappe aan te meld. Hierdie platforms poog om bewyse in te samel om 'n openbare rekord van misbruik op te stel, wat gebruik kan word wanneer hulle beleidsveranderings vereis.

#VukaniMaAfrika

Polisiewreedheid is die ergste in swart gemeenskappe.

DIT IS TYD OM TE PRAAT!

Viewfinder Accountability – Joernalisme het ontbloot hoe die SAPD beamptes wat van moord of mishandeling beskuldig word, beskerm. Nou vra ons jou om by ons ondersoek aan te sluit deur daaroor te praat en jou ervarings te deel. Jy kan só reg help geskied vir die slagoffers en SA se swart gemeenskappe, waaronder jou eie gemeenskap

WAAR IN MZANSI WOON JY? WAT IS JOU ERVARING OF VRAE OOR POLISIEWREEDHEID EN NIE-VERANTWOORDING?

Sluit by die gesprek aan op Twitter en Facebook en gebruik die hutsmerk

#VUKANIMAAFRIKA

Kontak ons regstreeks of op ons WhatsApp-lyn:

066 533 5142

FOLLOW US

@ViewfinderJourn viewfinder.org.za

VIEWFINDER

Klik op beeld vir meer inligting

VEILIGHEIDSMAGTE GEWELDOPSPORING

Die Veiligheidsmagte-geweldopsporing-platform is geskep om wangedrag deur lede van die veiligheidsmagte, soos die SAPD, Weermag, Metro, Wetstoepassing, die polisie sowel as private veiligheidsmaatskappye, aan te meld en te monitor.

Hierdie platform is deur 'n burgerlike samelewing in die lewe geroep as 'n hulpmiddel om verantwoording te vergroot deur bewyse te versamel in 'n poging om sulke misbruik te voorkom.

As jy bewus is van 'n spesifieke geval van mishandeling deur lede van die veiligheidsmagte en jy wil die bewyse aan ons oorhandig, begin asseblief deur jou provinsie op die lys hieronder aan te dui. Jy sal 'n paar basiese vrae oor daardie voorval gevra word en sal ook videos of foto's van die voorval kan indien as jy so iets het.

C19 PEOPLE'S COALITION

Report.org.za, wat deur die C19 People's Coalition ontwikkel, is 'n platform vir die publiek om die skending van menseregte deur wetstoepassers aan te meld

Die platform stel gebruikers in staat om alle nodige besonderhede oor 'n voorval te verskaf, waaronder:

Datum
Ligging
Soort voorval
Soort wapen gebruik
Video's of foto's van die voorval

Report.org.za is 'n platform wat geskep is om misbruike wat deur staats- en korporatiewe veiligheidsmagte gepleeg word, op te teken en te monitor

Klik hier om aan te meld

Staats- en korporatiewe veiligheidsmagte sluit in:

Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) I Weermag I Metropolisie I Wetstoepassing I Private veiligheidsmaatskappye

Report.org.za dien as 'n gids vir alledaagse burgers en organisasies, en verskaf belangrike kontakte ten einde:

Wanneer kan die polisie iemand in hegtenis neem?

Die polisie kan mense in hegtenis neem om ’n misdaad te voorkom of ’n verdagte voor die hof te bring.

’n Lasbrief vir die inhegtenisneming kan deur ’n regter of landdros uitgereik word op grond van ’n skriftelike aansoek deur ’n aanklaer of polisie-offisier met die rang van kaptein of hoër.

Iemand kan sonder ’n lasbrief in hegtenis geneem word indien:

- Die verdagte ’n misdaad in die teenwoordigheid van die polisie pleeg
- Die polisie redelikerwys vermoed ’n ernstige misdaad is gepleeg
- ’n Polisiebeampte in die uitvoering van sy of haar pligte verhinder word

Die polisiebeampte moet die verdagte meedeel wat die rede vir die inhegtenisneming is, sy of haar regte voorlees en die lasbrief verskaf. Die polisie mag redelike geweld gebruik as iemand hom of haar teen die inhegtenisneming verset. Om “redelike geweld” te verstaan, lees “Wanneer kan die polisie geweld gebruik?” hieronder. Besoek die Stigting vir veiligheidstudies se **webblad** hier vir nog inligting oor wettige inhegtenisneming.

Die regte van iemand wat in hegtenis geneem word:

- **Om stil te bly en nie gedwing te word om skuld te erken nie**
- **Om so gou as moontlik voor die hof gebring te word**
- **Om ’n prokureur van hul keuse te raadpleeg**
- **Om met hul metgesel, familie, geestelike raadgewer en dokter te kommunikeer**
- **Toestande van aanhouding moet menswaardig wees**
- **Fisieke deursoeking mag net deur iemand van dieselfde geslag gedoen word**

Wat gebeur tydens ’n inhegtenisneming?

Die polisie moet mense wat in hegtenis geneem word, oor hul regte ingevolge artikel 35 van die Grondwet inlig en verduidelik dat hulle in hegtenis geneem is en wat hul regte is.

Die polisie sal die identiteit van enigiemand wat in hegtenis geneem is, nagaan en bevestig deur hulle hul naam en adres te vra. Die polisie sal ook enigiemand wat in hegtenis geneem is, se vingerafdrukke neem.

Nadat iemand aangekla is, kan hy of sy deur die polisie of vervolgingsgesag om borgtog aansoek doen, anders moet dit wag tot die eerste hofverskyning om ’n borgaansoek te doen

Die polisie mag iemand slegs vir tot 48 uur (naweke uitgesluit) aanhou voordat die verdagte in die hof moet verskyn of vrygelaat word.

Die hof kan die aanhouding tot nie langer nie as sewe dae ná die inhegtenisnemingstydperk van 48 uur vir verdere ondersoek verleng.

Die African Commission on Human and Peoples’ Rights het ’n stel riglyne saamgestel oor die voorwaardes van inhegtenisneming, polisie-aanhouding en voorverhoor-aanhouding in Afrika. Lees meer hier .

Wat van immigrante en mense wat om asiel wil aansoek doen?

Buitelanders ervaar buitensporige mishandeling deur lede van die SAPD. Die organisasie Lawyers for Human Rights (LHR) het *A Practitioner’s Guide to Immigration Detention in South Africa* saamgestel, wat die wet op immigrasie, aanhouding en deportasie uiteensit. Dit sluit in:

Klik op die gids vir nog inligting



LAWYERS FOR
HUMAN RIGHTS

A PRACTITIONER’S GUIDE TO IMMIGRATION DETENTION IN SOUTH AFRICA

Authored by Wayne Ncube and Charné Tracey

Aanhouding vir doeleindes van identifikasie (bl. 61)

- ’n Immigrasie-/SAPD-beampte mag iemand ondervra en/of aanhou indien hulle – op redelike gronde – glo dat so iemand nie wettiglik in Suid-Afrika is nie. Die beampte mag iemand egter nie langer as 48 uur aanhou met die doel om hul identiteit of status na te gaan nie.

Aanhouding vir doeleindes van deportering (bl. 62)

- Aanhouding vir doeleindes van deportering moet slegs plaasvind indien iemand nie ’n geldige identifikasiedokument aan beamptes kan verskaf nie.

Aanhouding toelaatbaar kragtens die Wet op Vlugtelinge (bl. 62)

- Asielsoekers en vlugtelinge mag in sommige omstandighede aangehou word, maar niemand mag ingevolge hierdie wet langer aangehou word as wat redelik en regverdigbaar is nie. Enige aanhouding van meer as 30 dae moet sonder versuim deur ’n hof hersien word.

- Die duur van iemand se aanhouding (by ’n aanhoudingsentrum) sluit die tyd in wat hulle by ’n polisiekantoor aangehou is voordat hulle na ’n aanhoudingsentrum verskuif is.

Die proses van aanhouding en deportering (bl. 92)

- Minderjariges mag slegs as ’n laaste uitweg aangehou word. Indien aanhouding onvermydelik is, moet hulle apart van volwassenes aangehou word.
- As ’n buitelander se visum verval het en hy/sy het aansoek gedoen om dit te laat hernu (maar wag op die uitslag van die aansoek), is die aanhouding onwettig en moet die hof vrylating gelas.
- As ’n buitelander om asiel wil aansoek doen, kan hy/sy nie aangehou word nie en moet die hof vrylating gelas.

Informele handel en verordeninge – Ken jou regte

Asiye eTafuleni het ses boekies oor die regte van informele handelaars in samewerking met die polisie opgestel. Hier is skakels na die ses boekies:

- Reg om handel te dryf
- Reg op ’n permit
- Regte op infrastruktuurontwikkeling en -sloping
- Regte met betrekking tot die skut van goedere
- Reg op inligting oor beleidsaanneming, wysigings en implikasies
- Regte wanneer goedere deur munisipale amptenare vernietig is

VIKELANI AMALUNGELO • UMA SINGABAMBISANA SINGENZA KANGCONO

Die boekie beskryf regte teenoor verantwoordelikhede, verpligtinge vir handelaars sowel as die munisipaliteit en die progressiewe verwesenliking van wetgewende regte wat aan informele werkers toegeken word:

Wanneer kan goedere geskut word?
- Wanneer in onwettige goedere handel gedryf word
- Wanneer die handelaar vlug en goedere laat agterbly wanneer hy deur die metropolisie genader word

Regte van handelaars nadat goedere geskut is
- Reg op teruggawe van goedere onmiddellik ná betaling van ’n skutfooi
- Reg om vertoë voor die verkoop van geskutte goedere te rig

Wat om te doen wanneer ’n handelaar in die proses aangerand word?
- Meld polisiemishandeling aan, soos bespreek in hierdie feiteblad (sien die afdeling oor “Opname en aanmeld van onwettige polisie-aktiwiteit”)
- Verkry summier mediese hulp. Die aanwesige mediese beampte sal die beserings op ’n J88-vorm aanteken
- Neem foto’s as bewys van die beserings
- Meld die saak by die naaste polisiekantoor aan

Belangrike stappe wat gedoen moet word wanneer goedere deur munisipale amptenare vernietig word
- Verkry besonderhede van die skutvoertuig wat deur die amptenare gebruik word

- Kry dadelik ander informele handelaars as getuies

Regshulpmiddels beskikbaar vir handelaars
- Siviele eis teen die SAPD vir skadevergoeding
- Strafregtelike verrigtinge teen die munisipale beampte vir vandalisme van eiendom

SERI het 'n navorsingsartikel opgestel om die regte van plaaslike en buitelandse informele handelaars uit te klaar en plaaslike regerings en munisipaliteite te help om hul wetlike en grondwetlike verpligtinge beter te verstaan wanneer munisipale verordeninge, wat informele handel reguleer, geformuleer en implementeer word. Dit sluit in:

Skut en administratiewe reg (bl. 24)
- Munisipale amptenare word vereis om aan die Grondwet, die Wet op Sakeondernemings, 71 van 1991 (sien bladsy 11 van die SERI-boekie) en die betrokke munisipale verordening wat informele handel reguleer, te voldoen.
- Voordat wetstoepassers 'n finale besluit neem, wat waarskynlik die regte van informele handelaars sal raak, moet die informele handelaars 'n geleentheid gegun word om hul saak te stel.
- Wanneer 'n munisipale amptenaar besluit om goedere te skut of ingevolge die munisipale verordeninge of die Wet op Sakeondernemings daarop beslag te lê, neem daardie amptenaar 'n administratiewe besluit en moet hy aan die vereistes van die administratiewe reg voldoen. Administratiewe besluite moet wettig, redelik en werksgewys billik wees.


INFORMAL TRADE IN SOUTH AFRICA
Legislation, Case Law and
Recommendations for Local Government

June 2018

SERI
socio-economic rights institute of south africa

SOUTH AFRICAN LOCAL GOVERNMENT ASSOCIATION
SALGA
Inspiring service delivery

Skut en die regte van handelaars (bl. 28)
- Sodra 'n handelaar se goedere geskut is, het die handelaar die reg op toegang tot howe vir die billike oplossing van die saak.
- Handelaars het 'n reg op gelykheid voor die wet en 'n reg op gelyke beskerming en voordeel van die wet, wat nie direk of indirek onregverdig teen enigiemand mag diskrimineer nie.

Lees hier meer oor beginsels oor die dekriminalisering van geringe oortredings in Afrika.

Wat van betogings?

Socio-Economic Rights Institute of South Africa (SERI) het 'n gids vir studente saamgestel

FEES MUST FALL

om hul regte tydens betogings te help verstaan. Klik op die afbeelding vir inligting oor:


STUDENT PROTESTS
A legal & practical guide

Wanneer word ’n poging geag onwettig te wees? (p14)

Watter regsproses moet betogers volg wanneer hulle ’n betoging reël? (p18)

Wat is die gevolge van ’n onwettige betoging? (p15)

SERI het die geleidelik stygende stappe uiteengesit wat die polisie moet volg voordat geweld gebruik kan word. Betogers moet ’n redelike tyd gegun word om op elkeen te reageer. Dit sluit in:

Onderhandeling – Die polisie moet die sameroeper vra om betogers te oortuig om uiteen te gaan.

Verdedigende maatreëls – word gebruik om skade aan mense of eiendom te voorkom, en kan die oprigting van versperrings insluit.

Eerste waarskuwing – ’n Luidspreker wat gebruik word, dui aan streng maatreëls sal toegepas word. Die waarskuwing moet in twee amptelike tale wees.

Instelling van teenoffensiewe maatreëls – dit sluit in deursoeking en beslaglegging, om betogers terug te druk en omsingeling. Dit moet sigbaar wees

Tweede waarskuwing – Nog ’n waarskuwing moet in twee amptelike tale uitgereik word.

Bevelvoerder magtig gebruik van geweld – Die minimum hoeveelheid krag wat nodig is om betogers uiteen te jaag, mag gebruik word.

Om meer te lees, sien bl. 46 van SERI se studentebetoging-gids . Stel hier vas watter beserings as gevolg van buitensporige en onwettige gebruik van geweld deur polisiebeamptes plaasvind wanneer studentebetogings uiteengejaag word.

Die *Right to Know-veldtog* (R2K) het ook ’n gids oor beswaar en die wet opgestel. Die gids beskryf die stappe wat betogers moet volg wanneer hulle ’n optog reël, die regte van betogers tydens ’n optog en wat die wet oor betogings sê. Klik op die foto vir inligting oor:

Verwante regulering van die Wet op Byeenkomste (bl. 4)

Hoe en wanneer om kennis oor ’n betoging te gee? (bl. 6)

Kan die owerhede ’n betoging “verbied”? (bl. 9)

Hoe misbruik owerhede die Wet op Byeenkomste? (bl. 11)

ACTIVIST GUIDE
YOUR RIGHT TO PROTEST
Understanding the
Regulation of Gatherings Act,
arrests and court processes
RIGHT2KNOW

Die Konstitusionele Hof het in 2018 bevind dat die versuim om vooraf kennis van ’n byeenkoms van meer as 15 mense te gee, nie ’n strafregtelike oortreding is nie. Organiseerders van byeenkomste/betogings moet steeds vooraf kennis gee van die byeenkoms ingevolge Artikel 12(1)(a) van die Wet op Byeenkomste, maar as hulle versuim om dit te doen, kan hulle nie aan ’n strafregtelike oortreding skuldig bevind word nie. Lees meer hier.

Jy kan hier meer leer oor polisiëring van byeenkomste/betogings deur wetstoepassers in Afrika.

Kleinskaalse (informele) of bestaansmynbou

Is jy ’n kleinskaalse (informle) of bestaansmynwerker wat mishandeling en geweld deur die polisie ervaar het? Gebruik die hulpmiddels in hierdie feiteblad om te help om jou ervaring aan te meld.

Jy kan ook meer oor kleinskaalse (informele) of bestaansmynbou te wete kom deur hier met die National Association of Artisanal Miners (NAAM) in aanraking te kom.

NATIONAL ASSOCIATION OF ARTISINAL MINERS

NAAM

WORKING TO RECLAIM
OUR DIGNITY

Kleinskaalse (informele) of bestaansmynbou

In plaas daarvan om hul werk te beskerm en te ondersteun, behandel die wet kleinskaalse (informele) of bestaansmynwerkers as misdadigers. Hulle word ook geteiken deur korrupte polisielede wat tot hul eie voordeel munt wil slaan uit die werk wat bestaansmynwerkers doen. Gevolglik word ambagsmynwerkers deur die polisie geviktimiseer en hul reg op waardigheid geskend. ’n Toepaslike beleid en wetgewende raamwerk moet ontwikkel word, wat hulle in staat stel om hul werk uit te voer sonder onnodige inmenging deur die polisie.

Wanneer kan die polisie geweld gebruik?

Die wet laat die SAPD toe om onder sekere omstandighede geweld te gebruik, waaronder:

- **Vir selfverdediging**
- **Om ’n mens of plek te deursoek**
- **Om iemand in hegtenis te neem**
- **Om weerstand te oorkom**
- **Om mense te beskerm**
- **Om iemand te verhinder om te vlug**
- **Om skade aan eiendom te voorkom**
- **Om skares uiteen te jaag***

* In spesifieke omstandighede

Die polisie mag net die minimum geweld wat in die toestande regverdigbaar is, gebruik en moet hierdie gebruik van geweld in die hof kan verdedig.

Die gebruik van onnodige geweld kan tot tugstappe of strafregtelike vervolging lei.

Geweld mag nie gebruik word om iemand wat in hegtenis geneem is, te intimideer of te straf of hulle te dwing om vrae te beantwoord nie.

Die gebruik van dodelike geweld is wettig mits daar geen ander keuse is nie en iemand ’n bedreiging vir ernstige geweld inhou. Besoek die Stigting vir veiligheidstudies se webblad vir nog inligting oor die wettige gebruik van geweld hier .

Watter wapens kan die polisie gebruik?

Die C-19 People's Coalition het hulpbronne vir die gebruik van minder dodelike wapens deur die SAPD ontwikkel. Klik op 'n wapen om vas te stel of die gebruik daarvan wettig is – en onder watter omstandighede, die risiko's en hoe om onbehoorlike gebruik aan te meld:

CM
RIOT
CONTROL
CS
Eliminator
PEPPER
SPRAY



In ooreenstemming met internasionale menseregtewetgewing en -beginsels, moet enige gebruik van geweld wettig, nodig, proporsioneel en nie-diskriminerend wees en moet dit aan die beginsel van voorsorg voldoen, terwyl die polisie vir hul optrede aanspreeklik moet wees. Lees meer hier.

Vuurwapenverwante oortredings

Hoofstuk 16 van die Wet op Vuurwapenbeheer lys die misdrywe wat deur 'n vuurwapeneienaar, insluitend 'n polisiebeampte, gepleeg word wanneer hulle:

- 'n Vuurwapen nalatig afvuur of op 'n manier hanteer wat iemand kan wond of eiendom kan beskadig
- 'n Vuurwapen onder die invloed van alkohol of dwelms hanteer
- 'n Vuurwapen sonder 'n wettige rede op iemand rig
- 'n Vuurwapen in 'n beboude gebied sonder goeie rede afvuur
- Versuim om 'n vuurwapen in 'n kluis toe te sluit wanneer dit nie by hulle gedra word nie

Enige wapeneienaar wat enige van hierdie misdrywe pleeg, kan beboet, tronkstraf opgelê of onbevoeg verklaar word om 'n vuurwapen te besit.

Jy kan enige vuurwapeneienaar, wat enige van hierdie oortredings begaan het, by jou plaaslike polisiekantoor aanmeld. As die vuurwapeneienaar 'n polisiebeampte is, gebruik die inligting in die afdeling oor "Opteken en aanmeld van onwettige polisieaktiwiteite" in hierdie feiteblad om jou te help om die saak aan te meld.

Jou stem kan 'n koeël keer.

Gun Free SA is ’n nasionale nieregeringsorganisasie (NRO), wat daartoe verbind is om vuurwapengeweld deur voorspraak vir openbare beleid, opvoeding, bewusmaking en gemeenskapsmobilisering, te verminder.

Wetlike hulpmiddels vir polisiemarteling

OMSKRYWING VAN “MARTELING”

Die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Marteling van Mense, 2013, en die Konvensie Teen Marteling, bepaal: Marteling is enige daad waarmee ernstige pyn of lyding, hetsy liggaamlik of geestelik, opsetlik aan iemand deur ’n openbare amptenaar of iemand anders wat in ’n amptelike hoedanigheid optree, toegedien word om inligting by hulle of ’n derde mens of ’n bekentenis te bekom, om hulle te straf vir ’n daad wat hulle of iemand anders gepleeg het of waarvan hulle vermoed word dat hulle dit gepleeg het.

Marteling, oormatige geweld en ander soort wrede en onmenslike behandeling, is ’n vorm van polisiewreedheid.

Vind meer uit oor marteling in hierdie video van die Legal Resources Centre

Polisiekorrupsie

Korrupsie is net soos polisiewreedheid en marteling nog ’n ernstige misdaad wat deur sommige polisielede gepleeg word. Polisiekorrupsie behels dikwels geld wat aan die polisie betaal word in ruil vir gunstige behandeling. Die polisie kan byvoorbeeld instem om jou nie in hegtenis te neem of aan te kla vir ’n misdaad waarvan jy beskuldig word nie. Jy kan ook valslik van ’n misdaad beskuldig en met inhegtenisneming gedreig word as jy weier om iets te betaal. Polisiekorrupsie moet ook aangeteken en aangemeld word. As jy bang is vir die gevolge om ’n saak aan te meld, kan jy polisiekorrupsie anoniem aanmeld. Corruption Watch se Veza-instrument maak voorsiening vir anonieme aanmelding van polisiekorrupsie.

Kom **hier** meer te wete oor jou regte wanneer jy met die SAPD omgaan

corruption watch

Kom meer te wete oor polisiewreedheid in SA

Klik op elk van die onderstaande onderwerpe:

Polisiemoorde vind elke dag in SA plaas

Herhaalde SAPS-oortreders bly ongemerk

Die polisie beskerm hul eie soort teen regsgevolge

VIEWFINDER

’n Vereiste vir hoë standaarde van polisiegedrag is belangrik vir die publiek sowel as die polisie. As lede van die publiek die polisie vertrou, sal hulle hulle bystaan en met hulle saamwerk. Dit sal hulle in staat stel om hul werk meer doeltreffend te doen.

Leer meer oor polisiewreedheid teenoor informele handelaars

’n Rekord van geweld teen informele handelaars

Informele handelaars vereis die einde van polisiewreedheid

StreetNet International oor geweld teen vroulike straatverkopers en hoe om dit te bekamp

- Vrouestraatverkopers staar daagliks geweld en teistering uit ’n verskeidenheid oorde in die gesig, en moet dikwels omkoopgeld betaal of seksuele gunste verskaf sodat owerhede hulle met rus laat.
- Die stigma om in die informele ekonomie te werk, knou vroulike straatverkopers se moontlikhede om geregtigheid te vereis, maar die International Labour Organisation Violence and Harassment Convention, Nr. 190 (2019), kan ’n kragtige instrument wees om dit te beveg.
- Mobilisasie en koalisies is noodsaaklik om geweld en teistering te bekamp.

StreetNet International is ’n wêreldwye alliansie van lidmaatskap-gebaseerde organisasies vir informele handelaars en is daarop gemik om die uitruil van inligting en idees oor kwessies wat die samestelling daarvan in die gesig staar, te bevorder.

In vennootskap tussen die Institute for Security Studies, the African Policing Civilian Oversight Forum (APCOF), Asiye eTafuleni, the C-19 People's Coalition, Corruption Watch, Gun Free South Africa, Lawyers for Human Rights, the Legal Resources Centre, National Association of Artisanal Miners, the Socio-Economic Rights Institute (SERI), StreetNet International en Viewfinder.